# Die Stigting van Danie Theron se „Wielrijders Rapportgangers Corps", 1899

deur

MEJ. M. SWART

AS vurige patriot het Danie Theron baie belang gestel in die politieke aangeleenthede van Transvaal en daarom alle verwikkelinge in dié verband taamlik getrou gevolg aan die hand van die verskillende koerante. Die Britse regering was vasbeslote om die onafhanklikheid van die Boere-republiek in Suid-Afrika te vernietig en by die Britse Ryk in te lyf. Transvaal sou hom egter nie goedsmoeds deur Brittanje laat oorrompel nie en dus was 'n bloedige stryd tussen Engeland en Transvaal onvermydelik. Vir Engeland sou die oorlog bloot 'n „colonial-war" wees wat sy bestaan nie bedreig nie, terwyl dit vir die Boere 'n stryd was om hulle bestaan wat hulle vernietiging kon beteken het.

Theron het besef dat hulle hulle baie deeglik sal moes voorberei op hierdie dreigende gevaar. Krygsmetodes sal verbeter moes word. Om die perde te spaar vir uitsluitlike kommandodiens, sal hulle nie op verkenningstogte gebruik kan word nie en om dít te kan bewerkstellig moet daar 'n rywielkorps gestig word.

Dit is die trant van Danie Theron se gedagtes en met hierdie plan kom hy by Koos Jooste, die destydse kampioenfietsryer van Suid-Afrika. Theron wil Jooste se samewerking hê om só die plan deur die regering goedgekeur te kry. Theron het geweet dat hy te doen het met Boere wat nie maklik van die ou krygsmetodes sal afsien nie. Die ondersteuning van iemand wat hulle kan oortuig dat fietse veel voortreflikhede besit is dus essensieel, daarom wend Theron hom na Jooste, want wie het meer ervaring van fietsry as juis hierdie kêrel.

Jooste was aanvanklik onwillig en het allerhande besware daarteen geopper, maar nadat Theron hom met die vuur van 'n geesdriftige patriot daarop gewys het dat Groot-Brittanje 'n plan het om die Boerevolk geheel en al uit te roei en dat dit die plig van elkeen was om die welsyn van die volk op die hart te dra en te bevorder, het Jooste eindelik ingewillig en geglo dat die voorgestelde plan 'n sukses sou wees.

Hulle is toe dadelik na kommandant-generaal Piet Joubert en het hulle planne voor hom uitgelê. Joubert was egter nie vir die saak te vinde nie. Waar het jy nou al ooit daarvan gehoor dat 'n man op 'n rywiel meer kan uitrig as 'n man te perd op slegte paaie en in die veld. Dit is byna ondenkbaar en buitendien is 'n fiets baie stadiger as 'n perd, met die gevolg dat belangrike rapporte voortdurend in die hande van die vyand sal beland.

Met die ervaring van 'n beproefde fietsryer het Jooste egter deur flinke redenasie Joubert se argumente een vir een laat kantel. Hy het toegegee dat 'n ruiter te perd beter is as 'n fietsryer op 'n pad van 'n kort afstand en in 'n swak toestand, maar hy is bereid om alles te verwed dat 'n perderuiter hom nie sal wen as hy op 'n fiets ry en die pad vorentoe is lank en in 'n goeie kondisie

nie, want die reis te perd moet telkens onderbreek word vir die perd om te kan vreet en hoe lank moet daar nie onderweg vertoef word nie sodat die perd kan slaap en uitrus. 'n Fiets moet net 'n bietjie geolie word, die wiele opgepomp word en binne tien minute kan jy weer in die pad val.

Die gevaar dat jy doodgeskiet en belangrike rapporte deur die vyand afgeneem kan word as jy per fiets reis, is minder, want die fietsryer is 'n kleiner skyf op 'n afstand as iemand te perd.

Joubert moes erken dat daar iets steek in Jooste se redenasie. Hy verleen egter nie sy toestemming nie, maar versoek die twee mans om hom 'n rywiel te bring sodat hy dit self van naby kan betrag. Hulle moet ook hulle planne mooi uiteensit sodat dit voor die krygsraad gelê kan word.

Dit het Theron en Jooste gedoen en die volgende dag bevind hulle hulle weer by kmdt.-genl. Joubert. President Kruger en lede van die krygsraad was ook teenwoordig. Nadat Joubert die fiets wat Jooste tot voor hom gebring het goed bekyk het, begin hulle hom kruisvra. Dit blyk toe dat die reis van Kaapstad na Pretoria korter is per fiets as wat dit met 'n perd sou gewees het. Die president wil toe van Jooste weet hoeveel teenspoed hy onderweg gehad het. Tot almal se verbasing was die antwoord „Geen". Jooste beweer dat dit hoofsaaklik toe te skryf is aan die fabrikaat van die rywiel. Dit is die beste maak wat daar te kry is.

„Maar dorings of spykers of ander skerp voorwerpe moes jou tog las gegee het een of ander tyd," het die president gevra. Weer was Jooste gereed met 'n antwoord. „President, na lang gesukkel het ek daarin geslaag om 'n plan te beraam wat die bande van my fiets teen skerp voorwerpe sal vrywaar. Ek het nl. tussen die buite- en binneband 'n strokie leer van plus-minus 6 dm. gesit. 'n Doring se puntjie breek af as hy teen die leer raak en dit voorkom natuurlik dat die doring dieper gaan. 'n Spyker skram teen die leer weg en beskadig ook nie die binneband nie."

Die president was egter dadelik gereed met 'n teenvraag. „Leer is sag en buigsaam en 'n doring of spyker kan derhalwe mos maklik deurdring." Uit die binnesak van sy baadjie haal Jooste nou 'n stukkie leer en toon dit aan president Kruger. Laasgenoemde bevoel dit en moes erken dat dit waarlik baie hard is. „Dít, President, is ongebreide leer gemaak van sekere wildsvelle wat beter is as die velle van 'n gewone bok."

Na 'n pouse waarin geeneen iets sê nie, kom generaal Joubert met 'n nuwe beswaar: „Sê nou maar 'n spyker of iets desgelyks slaag tog wel daarin om deur die leer te dring, dan kan jy mos nie verder reis nie, net soos wat ek die tog nie kon voortgesit het nie toe 'n spyker eendag in my perd se poot gesteek het. Eers na 'n lang gesukkel het ek die spyker uitgekry, maar die perd was kruppel en ek moes ghries aan sy poot smeer. Die volgende dag kon ek verder ry."

„Nouja, Generaal, as dit my te fiets oorkom het ek nie eers nodig om 'n dag te wag nie. Ek pluk dadelik die doring uit, smeer 'n bietjie ghries aan wat ek altyd by my hou as ek reis, sit 'n gomlastieklappie daaroor, pomp die band op en ry verder."

Een van die krygsraadslede is egter bekommerd dat alle persone nie goeie

fietsryers is nie. Danie Theron het daarop geantwoord dat hulle juis daarom verlof moes kry om so gou moontlik die Wielryersrapportgangers-korps te stig, sodat daar dadelik begin kan word om persone vir die taak voor te berei.

Voor die finale antwoord gegee word wil genl. Joubert egter eers sien of dit so vinnig met 'n fiets sal gaan. Jooste met sy fiets en 'n ruiter, Martiens, te perd, moet gelyktydig van 'n vasgestelde punt vertrek na 'n plek goed drie uur te perd van die wegspringplek af. Daar sal iemand wees met 'n rapport en die een wat dan eerste daar kom moet die rapport neem en vir genl. Joubert bring.

Toe die tyd vir die wedren aanbreek, was daar dan ook 'n groot skare wat kom kyk het hoe Martiens die fietsryer gaan uitstof. Met die wegspring was Martiens voor, maar heelgou het Jooste hom begin inhaal. Spoedig ry hy langs die perd met sy fiets en dit was nie hoe lank nie of al wat daar van Koos Jooste te sien was, was 'n stoffie daar vér voor in die pad. Natuurlik het Jooste dan ook eerste die kêrel met die rapport bereik en dit 'n baie lang ruk voor Martiens aan Joubert besorg.

Hiermee was die saak beklink en Danie Theron het breed geglimlag toe hy sonder meer verlof kry om sy wielryerskorps te stig.

Elke fietsryer moes 'n deeglike keuring deurmaak alvorens hy gekies word as lid van die Korps. Kort voor lank was die „Wielrijders rapport-gangers corps" bestaande uit sowat 100 manne met Danie Theron as kaptein, gereed en moes nog net die nodige uitrusting verkry word.

Omdat Jooste die mees ervare fietsryer was, is dan ook aan hom die taak opgedra om die fietse en dies meer vir die Korps aan te koop. Hy het alleen die heel beste gekoop, met die gevolg dat die transaksie die regering duur uitgekom het.

Toe 'n Jood dus eendag by genl. Joubert kom met fietse wat hy van die hand sit teen 'n veel laer prys as dié wat Jooste koop, wou Joubert dan ook dadelik weet hoekom die Korps nie fietse van die Jood koop nie, dit sou mos 'n besparing meebring.

Jooste gaan toe 'n ooreenkoms aan met Joubert. Die Jood ry op een van die fietse wat Jooste gekoop het, en hy (Jooste) ry op 'n fiets van die Jood. Albei jaag dan so vinnig moontlik, dit maak nie saak of daar slaggate is of klippe of wat ook al in die pad lê nie, hulle jaag daaroor so al wat hulle kan.

Die daad word by die woord gevoeg en die twee spring daar weg. Jooste vat toe opsetlik die slegste pad en net buite Pretoria ry hy dan ook oor 'n slaggat en vlieg dwarsoor die fiets, kop vorentoe — albei sy arms en bene die ene bloed soos dit met die klippe kennis gemaak het. Die fiets het nog slegter daarvan afgekom. Dit is só beskadig dat daar nie weer op hom gery kon word nie.

Dié petalje het genl. Joubert oortuig dat Koos Jooste ten beste gehandel het deur die duur fietse aan te koop.

So is Danie Theron se Wielryerskorps in die lewe geroep. Binne die eerste paar maande het dit dan ook geblyk dat Theron se hoë verwagtings vir sy rywielkorps nie teleurgestel het nie.